

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

OCTOBER / NOVEMBER 2005  
OKTOBER / NOVEMBER 2005

AARDRYKSKUNDE SG  
(Eerste Vraestel: Teorie)

TYD: 3 uur

PUNTE: 240

---

INSTRUKSIES:

- Beantwoord VIER vrae:  
EEN uit Afdeling A  
EEN uit Afdeling B  
EEN uit Afdeling C  
Die VIERDE vraag mag uit ENIGE van die oorblywende vrae gekies word.
  
  - Alle diagramme verskyn in DIAGRAMBOEK 502-2X.
  - Nommer alle vrae wat jy beantwoord in die **middel** van jou antwoordboek.
  - Laat **? lyn oop** tussen die onderskeie onderafdelings van jou antwoorde op ? vraag.
  - Begin elke nuwe vraag **boaan** ? nuwe bladsy.
  - Moenie die vraagnommers verander nie – nommer volgens die vraestel.
  - Moenie in die kantlyne van jou antwoordboek skryf nie.
  - **Omkring** die vraagnommers wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
  - Skryf **duidelik en leesbaar**.
  - Waar moontlik, moet antwoorde met benoemde sketse toegelig word.
  - Krediet sal vir insig gegee word.
-

AFDELING A  
FISIESE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

- 1.1 Verwys na die sinoptiese weerkaart in **Figuur 1.1** en beantwoord die vroe wat volg.

1.1.1 Soek hoogdrukselle **C**, **D** en **E**.

- (a) Identifiseer hoogdrukselle **C**, **D** en **E**. (3)  
(b) In watter rigting roteer die lug rondom hierdie hoogdrukselle? (1)  
(c) Noem TWEE ander kenmerkende lugbewegings wat met hierdie tipe stelsels geassosieer word. (2)  
(d) Die lug wat rondom hoogdrukstelsel **A** roteer, waai oor ? koue oseaan. Verduidelik waarom dit sal lei tot droë toestande (lae reënval) langs die Suid-Afrikaanse Weskus. 2x2=(4)

- 1.1.2 (a) Identifiseer die fronte gemerk **A** en **B** op die sinoptiese weerkaart. (2)

- (b) Soek die weerstasie vir Port Elizabeth voor (oos van) front **A**. Noem die volgende weerstoestande wat by Port Elizabeth ondervind word en wat tipies van bergwindtoestande vir hierdie tyd van die jaar is:

- Temperatuur
  - Wolkbedekking
  - Windrigting
- 3x2=(6)


- (c) Noem die natuurgevaar wat met die voorkoms van bergwinde geassosieer word. 1x2=(2)

- (d) Noem EEN oplossing om die probleme geassosieer met die natuurgevaar genoem in Vraag 1.1.2 (c) te verminder. 1x2=(2)

- (e) Wat veroorsaak dat bergwindtoestande beëindig word? 1x2=(2)

- 1.2 **Figuur 1.2 A** toon ? gebied waar twee riviere op twee verskillende hoogtes voorkom.

**Figuur 1.2 B** toon die lengteprofiële van hierdie twee riviere voor stroomroof plaasgevind het. Die diagram hieronder toon dieselfde landskap nadat stroomroof plaasgevind het.



- 1.2.1 (a) Identifiseer die kenmerke van stroomroof gemerk **V**, **W**, **X**, **Y** en **Z**. Kies uit die volgende lys kenmerke:

rowende stroom, geroofde stroom, windsaal, beroofde (verarmde) stroom, roofelbogen

5x2=(10)

- (b) Verduidelik hoe die watervolume en erosievermoë van stroom **W** sal verander nadat stroomroof ingetree het. 2x2=(4)

- 1.2.2 (a) Identifiseer die DRIE stadia van ? rivier soos gevind sal word by plekke **K**, **L** en **M** in **Figuur 1.2 B**. (3)

- (b) Teken ? dwarsdeursnee-profiel van elk van die posisies **K**, **L** en **M**. 3x2=(6)

- 1.3 **Figuur 1.3** toon ? ekosisteem wat die mens uitsluit. **Figuur 1.3 B** toon dieselfde ekosisteem wat die mens insluit.

- 1.3.1 Definieer die term ekosisteem. (1)

- 1.3.2 Verduidelik waarom daar na plantegroei as ? produsent in hierdie ekosisteem verwys word. 2x2=(4)

- 1.3.3 Identifiseer EEN verbruiker in die diagram. 1x2=(2)

- 1.3.4 Gee EEN voorbeeld van ? herbivoor en ? karnivoor wat jy op die diagram kan identifiseer. 2x2=(4)

- 1.3.5 Wat sal met die hoeveelheid energie gebeur na gelang dit deur die ekosisteem beweeg? 1x2=(2)

[60]

b.o.

**VRAAG 2**

2.1 Verwys na **Figuur 2.1 A** wat die bolugtemperatuur-inversie oor Suid-Afrika toon.

- 2.1.1 (a) Wat is ? inversielaa? (2)  
(b) Benoem die hoogdruksel wat aangetoon word deur die pyltjie gemerk **D**. (1)  
(c) Verduidelik kortliks waarom die lug by **D** daal. 2x2=(4)
- 2.1.2 **Figuur 2.1 A** verteenwoordig somertoestande.  
(a) Gee ? bewys vanaf die diagram wat die stelling staaf dat **Figuur 2.1 A** somertoestande voorstel. 1x2=(2)  
(b) Beskryf die weertoestande wat oor die binneland van Suid-Afrika ondervind sal word tydens die seisoen geïllustreer in **Figuur 2.1 A**. Kies DRIE uit die volgende moontlikhede: 3x2=(6)

wolklose lug, reëerval, hoë temperature, ryp snags, laer lugdruk

2.1.3 Verwys na **Figuur 2.1 B** wat ? vallei aan die voetheuwels van die KwaZulu/Natal Drakensberge toon.

- (a) Identifiseer wind **Y** as ? katabatiese/ daalwind of ? anabatiese/ stygwind. (1)  
(b) Verteenwoordig **Figuur 2.1 B** dag- of nagtoestande? 1x2=(2)  
(c) Gee EEN rede vir jou antwoord op Vraag 2.1.3 (b). 1x2=(2)  
(d) Beskryf kortliks hoe wind **Y** ontstaan. 2x2=(4)

2.2 **Figure 2.2 A en 2.2 B** toon die ontwikkeling van ? granietkoepel. ?

Voorbeeld van so ? koepel is **Sibede Rots** in Swaziland. **Figuur 2.2 C** toon verskeie dreineerpatrone, waarvan een tiperend van ? granietkoepel-struktuur is.

2.2.1 Verwys na **Figuur 2.2 A en 2.2 B**.

- (a) Identifiseer die tipe stollingsgesteente-struktuur waaruit ? granietkoepel sal ontwikkel. (1)  
(b) Uit watter tipe gesteente bestaan hierdie koepel? (1)  
(c) Hoe word die stollingsgesteente-struktuur wat in Vraag 2.2.1 (a) genoem word, aan die oppervlak van die aarde blootgestel? 2x2=(4)  
(d) As dit eers aan die aardoppervlakte blootgestel word, sal die granietkoepel verweer. Watter verweringsproses, eksfoliasie of ysverbryseling, sal die waarskynlikste tot die granietkoepel se verwering bydra? 1x2=(2)

2.2.2 Verwys na **Figuur 2.2 C.**

- (a) Watter EEN van die twee diagramme, (i) of (ii), toon die dreineerpatroon wat kenmerkend van granietkoepels is? (1)
- (b) Benoem die dreineerpatroon tiperend van ? granietkoepel. (1)
- (c) Verduidelik kortliks waarom die dreineerpatroon genoem in Vraag 2.2.2 (b) by ? granietkoepel ontwikkel. 2x2=(4)
- (d) Buite dié dreineerpatroon wat in Vraag 2.2.2 (b) genoem is, noem enige ander TWEE dreineerpatrone wat jy bestudeer het. 2x2=(4)

## 2.2.3 Die geronde voetheuwels van KwaZulu/Natal staan bekend as die Vallei van ? Duisend Heuwels. Hierdie heuwels is uiters geskik vir landbou-aktiwiteite.

- (a) Noem TWEE fisiese faktore wat hierdie heuwels geskik maak vir landbou. (2)
- (b) Noem EEN landbouproduk wat algemeen in dié omgewing verbou word. Kies EEN uit die volgende:

**suikerriet, mielies of druwe**

1x2=(2)

- (c) Noem EEN boerderymetode wat boere in hierdie gebied behoort toe te pas om gronderosie te beperk. 1x2=(2)

2.3 **Figuur 2.3** toon hoe klimaat die biotiese en die abiotiese grondvormende faktore beïnvloed.2.3.1 Identifiseer vanuit **Figuur 2.3** EEN

- (a) biotiese grondvormende faktor. (1)
- (b) abiotiese grondvormende faktor. (1)

2.3.2 (a) Definieer die term verwering. (2)

- (b) Wat is die eindproduk van verwering? 1x2=(2)
- (c) Watter komponent (kenmerk / gedeelte) van verweerde rots, sigbaar in **Figuur 2.3**, word aan die grond oorgedra? 1x2=(2)

2.3.3 (a) Wat is humus? (2)

- (b) Waarom is die vorming van humus belangrik vir die grond? 1x2=(2)

[60]

AFDELING B  
NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit dié afdeling.

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na **Figuur 3.1** voordat die volgende vrae beantwoord word.

- 3.1.1 (a) Identifiseer die nedersettingspatroon van die nedersetting Hillside as kern/kompak of verspreid/geïsoleerd. (1)
- (b) Gee ? rede vir jou antwoord op Vraag 3.1.1 (a). (1)
- 3.1.2 (a) Die vorm van die plase in Hillside is reghoekig. Gee TWEE redes waarom die plase hierdie vorm het. 2x2=(4)
- 3.1.3 (a) Verduidelik die term standplaas. (2)
- (b) Die Bergvlier het ? belangrike rol gespeel in die keuse van hierdie standplaas vir die vestiging van Hillside. Verduidelik waarom dit so is. 1x2=(2)
- (c) Water kan ook ? bedreiging vir ? nedersetting inhou. Waarom is dit so? 1x2=(2)

3.2 Verwys na **Figuur 3.2** voordat die volgende vrae beantwoord word.

- 3.2.1 Die middelpunt van die plaas word beskou as die ideale plek vir ? opstal. Noem EEN moontlike rede waarom die eienaar van Rocklands nie ? sentrale punt vir sy opstal gekies het nie. 1x2=(2)
- 3.2.2 Die boer by Rocklands beoefen gemengde boerdery. Wat beteken dit? 1x2=(2)
- 3.2.3 Die boer by Rocklands woon op sy eie plaas. Noem TWEE ekonomiese voordele vir die boer om op sy eie stuk grond te boer. 2x2=(4)
- 3.2.4 Noem EEN sosiale nadeel vir die boer wat op sy eie stuk grond woon. 1x2=(2)

3.3 Verwys na **Figuur 3.3**. Pine Village en Kingstown is beide sentrale plekke. Tog sal die invloedsfere en reikwydte van goedere van die twee plekke verskil. Verduidelik die betekenis van die volgende terme:

- 3.3.1 Sentrale plek (2)
- 3.3.2 Invloedsfeer (2)
- 3.3.3 Reikwydte van goedere (2)

- 3.3.4 (a) Na watter nedersetting, Pine Village of Kingstown, sal die inwoners van Hillside eerder reis om melk en brood te koop?  $1 \times 2 = (2)$
- (b) Verduidelik jou antwoord op Vraag 3.3.4 (a).  $1 \times 2 = (2)$
- (c) Na watter nedersetting, Pine Village of Kingstown, sal die inwoners van Hillside eerder reis om meubels te koop?  $1 \times 2 = (2)$
- (d) Verduidelik jou antwoord op Vraag 3.3.4 (c).  $1 \times 2 = (2)$
- 3.4 Verwys na **Figuur 3.4** wat die nedersetting genaamd Kingstown toon.
- 3.4.1 Soek die SSK van Kingstown.
- (a) Waarvoor staan die letters **SSK**? (3)
- (b) Waar is die SSK geleë?  $1 \times 2 = (2)$
- (c) Waarom het die SSK sy ontstaan hier gehad?  $1 \times 2 = (2)$
- 3.4.2 Die stedelike profiel toon die syaansig van ? nedersetting. Die hoogste geboue word in die SSK gevind. Waarom word die hoogste geboue hier gevind?  $2 \times 2 = (4)$
- 3.4.3 Tans is daar baie kantore en winkels wat uit die SSK na die voorstede toe wegbeweeg.
- (a) Watter term word gebruik om die wegbeweeg van kantore en winkels vanaf die SSK na die voorstede te beskryf? (1)
- (b) Verskaf TWEE redes waarom kantore en winkels uit die SSK na die voorstede verskuif.  $2 \times 2 = (4)$
- (c) Gee TWEE moontlike oplossings om te verhoed dat kantore en winkels uit die SSK na die voorstede wegbeweeg.  $2 \times 2 = (4)$
- 3.4.4 Groot gebiede is bestem as parke. Na gelang die behoefté aan grondgebied rondom die SSK toeneem, verhoog die druk deur besighede om hierdie gebiede in besigheidsgebiede te omskep. Waarom is dit noodsaaklik om hierdie stukke grond as parke te behou?  $2 \times 2 = (4)$   
[60]

**VRAAG 4**

- 4.1 Nedersettings word in landelike en stedelike nedersettings verdeel. Hierdie klassifikasie word gebaseer op grond van die ekonomiese aktiwiteite wat in dié nedersettings plaasvind.
- 4.1.1 (a) Wat is ? nedersetting? (2)
- (b) Onderskei tussen landelike en stedelike nedersettings, met verwysing na ekonomiese aktiwiteite (primêr, sekondêr of tersiër). (2)
- (c) Gee EEN voorbeeld van elk van bogenoemde aktiwiteite in landelike en stedelike nedersettings onderskeidelik. (3)
- 4.1.2 Baie mense verlaat die landelike nedersettings om in stedelike nedersettings te gaan woon, soos dié een geïllustreer in **Figuur 4.1**. Die resultaat hiervan is landelike ontvolking.
- (a) Definieer die term landelike ontvolking. (2)
- (b) Noem DRIE stootfaktore in die landelike gebiede wat aanleiding gee tot landelike ontvolking. 3x2=(6)
- (c) Noem DRIE trekfaktore in die stedelike gebiede wat aanleiding gee tot landelike ontvolking. 3x2=(6)
- (d) Bespreek moontlike teenmaatreëls wat ingestel kan word om landelike ontvolking te vertraag. 2x2=(4)
- 4.2 Baie nuwelinge in die stad sal werk in die nywerhede kry. Verwys terug na **Figuur 3.4** voordat die onderstaande vrae beantwoord word.
- 4.2.1 Onderskei tussen ligte en swaar nywerhede. (2)
- 4.2.2 Gee EEN voorbeeld van ? ligte nywerheid en EEN van ? swaar nywerheid. (2)
- 4.2.3 Toon aan in watter van die sones, **A** of **B**, jy ligte nywerhede en in watter een jy swaar nywerhede sal vind. 2x2=(4)
- 4.2.4 Verklaar waarom die nywerhede by **B** ver van die SSK weg geleë is. 2x2=(4)
- 4.2.5 Nywerhede is die hoofoorsaak van lugbesoedeling in die stad. Watter stappe kan gedoen word om lugbesoedeling vanaf nywerhede te verminder? 2x2=(4)

- 4.3 Baie nuwelinge in die stad is egter nie so gelukkig om werk te kry nie. Hulle woon aan die buitewyke van die stad in informele nedersettings (plakkerskampe). Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

Nokhlesi Ngcenge, wat in ? plakkerskamp in Kaapstad bly, skryf:

**V**ullis is ? probleem in Khayelitsha omdat die stadsraad slegs een keer per week kom om dit te verwys. Ons het geen houers om die vullis in te plaas nie en dus moet mens dit net in die straat los. Ons het groot hope afval. Daar is toilette, maar hulle word nie gedreineer nie, hulle word oopgeblaas en die raad maak dit nie dikwels skoon nie. Die vlieë vlieg in en uit die toilette en kom ook in ons huise. Ons kry siektes omdat die vlieë afval eet en dan op ons kos en ons kinders se bottels gaan sit. Ons word siek en ons kinders kry diarree. (Khayelitsha is Kaapstad se grootste township. Daar is baie min formele behuising. Die meeste inwoners moet in plakkershutte bly.)



- 4.3.1 Wat is ? informele nedersetting? (2)
- 4.3.2 Waarvan is die huise in ? informele nedersetting gemaak? (1)
- 4.3.3 Waarom ontwikkel hierdie informele nedersettings? 2x2=(4)
- 4.3.4 Noem enige DRIE probleme wat inwoners van hierdie informele nedersettings ondervind. 3x2=(6)
- 4.3.5 Gee moontlike oplossings om die omstandighede van die inwoners van informele nedersettings makliker te maak. 2x2=(4)
- 4.3.6 Heelwat inwoners van hierdie plakkerskampe kry werk in die informele sektor. Gee EEN voorbeeld van ? tipe werk in die informele sektor. 1x2=(2)  
[60]

AFDELING C  
SUID-AFRIKAANSE AARDRYKSKUNDE

Beantwoord minstens EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 5

## Die Kalahari

Die gebied wat deur die Kalahari-sandveld beslaan word, is ongeveer 2 miljoen km<sup>2</sup> met ? aansienlike reënvalspeling tussen onderskeie gebiede. Dit wissel van die karige, wisselvallige reënval in die verre suide tot meer tropiese toestande in die noorde. Na gelang die hoeveelheid en betrouwbaarheid van die reënval wissel, wissel die plantegroei ook. Wat is die landboupotensiaal van die Kalahari dan, gegewe hierdie feite?

In al sy eindeloze uitgestrektheid en deur al die eeue heen wat die Kalahari die aanslae van die tyd deurstaan het, beleef die Kalahari en sy natuurlewe vandag die grootste bedreiging vir sy voortbestaan ooit. Dit is ook, ekologies gesproke, een van die sensitiefste ekosisteme en, as sodanig, sal dit baie vinnig swig voor wanbestuur en misbruik.

Aangepas uit *Kalahari* deur Michael Main

5.1 Verwys na **Figuur 5.1**, wat die ligging van die Kalahari toon.

- 5.1.1 (a) In watter Suid-Afrikaanse provinsie is die grootste deel van die suidelike Kalahari geleë? 1x2=(2)
- (b) Verskaf die naam van die hoofstad van hierdie provinsie, soos geïdentifiseer in Vraag 5.1.1 (a). 1x2=(2)
- 5.1.2 (a) Identifiseer die eksotiese rivier net suid van die Kalahari. 1x2=(2)
- (b) Waarom word daar na hierdie rivier verwys as ? eksotiese rivier? 1x2=(2)
- (c) In watter oseaan mond hierdie rivier uit? 1x2=(2)

5.2 Bestudeer weer **Figuur 5.1**.

- 5.2.1 (a) Met watter EEN van Suid-Afrika se buurstate vorm die Limpoporivier ? internasionale grens? 1x2=(2)
- (b) In watter oseaan mond die Limpoporivier uit? 1x2=(2)
- 5.2.2 Identifiseer rivier X, wat ? hoofsytak van die eksotiese rivier genoem in Vraag 5.1.2 (a) is. 1x2=(2)

- 5.2.3 Na die samevloeiing vloei die eksotiese rivier verby die dorp Prieska. Met bygevoegde water vanaf sy sytakke, kan hierdie eksotiese rivier maklik ? vloed veroorsaak.
- (a) Wat is ? vloed? 1x2=(2)
- (b) Verduidelik die betekenis van die term samevloeiing. 1x2=(2)
- (c) Hoe kan hierdie punt van samevloeiing ? vloed veroorsaak? 1x2=(2)
- (d) Noem TWEE gevolge van ? vloed vir die dorp Prieska. 2x2=(4)
- (e) Veronderstel jy is aangestel as die omgewingskonsultant om die gevare van vloede te ondersoek. Bespreek TWEE vloedvoorkomingsmaatreëls. 2x2=(4)
- 5.2.4 Verder stroom-af, in die laaste stadium van die rivier se siklus, stort hierdie eksotiese rivier oor die Augrabies-waterval.
- (a) Wat is die naam van hierdie laaste stadium van die rivier se loop? 1x2=(2)
- (b) Dit is ongewoon om ? waterval in hierdie laaste stadium te vind. In watter stadium kom watervalle gewoonlik voor? 1x2=(2)
- (c) Die Augrabies-waterval is die resultaat van verjonding weens opheffing van die land. Verduidelik wat met die rivier se snelheid (spoed) en erosievermoë (vermoë om materiaal weg te voer) by hierdie punt van verjonding sal gebeur. 2x2=(4)
- 5.3 Die ekonomiese potensiaal van die Kalahari-streek is baie beperk. Droëland-boerdery oorheers, wat beteken dat daar geen besproeiing is nie. Boerdery is dus geheel en al afhanglik van die jaarlikse reënval.
- 5.3.1 (a) Is boerdery ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)
- (b) Verskaf ? rede vir jou antwoord op Vraag 5.3.1 (a). 1x2=(2)
- 5.3.2 Waarom word droëland-boerdery (in plaas van besproeiings-boerdery) meesal in die Kalahari beoefen? 2x2=(4)
- 5.3.3 Bespreek die redes waarom droëland-boerdery baie lae opbrengstes lewer. 1x2=(2)

- 5.3.4 Oorbeweiding kan ? ernstige omgewingswanbalans skep wanneer droëland-boerderymetodes beoefen word.
- (a) Verduidelik die term oorbeweiding. 1x2=(2)
- (b) Hoe kan oorbeweiding ? omgewingswanbalans veroorsaak? 1x2=(2)
- 5.4 Toerisme bied ? alternatiewe ekonomiese potensiaal en die vestiging van die Kgalagadi Oorgrensspark het gunstig bygedra tot die B.B.P. van die gebied.
- 5.4.1 (a) Is toerisme ? primêre, sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? (1)
- (b) Verskaf ? rede vir jou antwoord op Vraag 5.4.1 (a). 1x2=(2)
- (c) Hoe sal toerisme die inwoners van die Kalahari bevoordeel? 1x2=(2)
- 5.4.2 (a) Waarvoor staan die afkorting B.B.P.? 1x2=(2)
- (b) Hoe beïnvloed die vestiging van die Kgalagadi Oorgrensspark die B.B.P. van die provinsie? 1x2=(2)
- [60]**

## VRAAG 6

Tuin van Suid-Afrika	Inligting: KwaZulu/Natal
<p><b>KwaZulu/Natal</b> is bekend vir sy subtropiese, meesal welige plantegroei en die milde skoonheid van die middellandestreek. Die lang maritieme gordel word omsoom deur die water van die Indiese Oseaan, deur oop, wit strande en in die noorde word kolle inheemse woude en sommige van die wêreld se hoogste begroeide duine gevind. Verder weswaarts vind ons die toringhoë Drakensbergreeks – 1 046 km lank en die prominentste kenmerk van Suid-Afrika se Groot Eskarp / Platorand.</p>	<p><b>Inligting: KwaZulu/Natal</b></p> <p><b>Oppervlakte:</b> 92 100 km<sup>2</sup></p> <p><b>Persentasie van S.A. se totale oppervlakte:</b> 7,6%</p> <p><b>Bevolking:</b> 9,8 miljoen</p> <p><b>Persentasie van totale bevolking:</b> 21%</p> <p><b>Hoof-taalgroepes:</b> IsiZulu (80%) Engels (16%) Afrikaans (2%)</p> <p><b>Ekonomiese aktiwiteite:</b> Seevaartdienste, toerisme, steenkool, vervaardiging, bosbou, boerdery.</p> <p><b>Persentasie bydrae tot die totale B.B.P.:</b> 15,8%</p> <p>(Oorgeneem uit: <b>World Atlas for South Africans</b>)</p>

- 6.1 Verwys na die inleidingsparagraaf en na **Figuur 6.1** voordat jy die vrae beantwoord.
- 6.1.1 Suid-Afrika het drie kuslyne, nl. die Weskus, Suidkus en die Ooskus. Aan watter een van die Suid-Afrikaanse kuste is KwaZulu/Natal geleë? (1)
- 6.1.2 Identifiseer die hoofstad van KwaZulu/Natal. (1)


b.o.

- 6.1.3 Noem die DRIE lande wat internasionale grense met Kwa-Zulu/Natal vorm. (3)
- 6.1.4 In watter klimaatstreek is KwaZulu/Natal geleë? (1)
- 6.1.5 Watter bergreeks oorheers die reliëf van KwaZulu/Natal? (1)
- 6.2 Verwys na **Figure 6.2 A** en **6.2 B** wat die temperatuur- en reënval-verspreiding van Durban toon.
- 6.2.1 **Figuur 6.2 A** toon die gemiddelde daaglikse temperatuurspeling vir beide Januarie en Julie. Die temperatuurspeling is die verskil tussen die maksimum en die minimum daaglikse temperature.
- (a) Wat is die gemiddelde maksimum temperatuur vir Durban vir Januarie? 1x2=(2)
- (b) Wat is die gemiddelde minimum temperatuur vir Durban vir Januarie? 1x2=(2)
- (c) Bereken die gemiddelde temperatuurspeling vir Durban deur die minimum temperatuur van die maksimum af te trek. 1x2=(2)
- 6.2.2 **Figuur 6.2 B** toon die maandelikse reënval vir Januarie en Julie.
- (a) Watter maand ondervind die hoogste reënval? (1)
- (b) Wat is die naam van die seestroom wat verby die kus van Durban vloeï? (1)
- (c) Is hierdie seestroom geïdentifiseer in Vraag 6.2.2 (b) ? warm of ? koue seestroom? (1)
- (d) Verduidelik wat die invloed van hierdie seestroom op die reënval van Durban is. 2x2=(4)
- 6.2.3 Die hoë reënval wat KwaZulu/Natal ondervind, kan ? groot verskeidenheid natuurlike plantegroei onderhou.
- (a) Is natuurlike plantegroei ? herniebare of nie-herniebare hulpbron? 1x2=(2)
- (b) ? Groot deel van die grondgebruik in KwaZulu/Natal word opgeneem deur bosbou en boerdery. Bespreek hoe die natuurlike plantegroei deur hierdie ekonomiese aktiwiteite geaffekteer is. 2x2=(4)
- (c) Stel moontlike oplossings voor om hierdie wanbalans in die natuurlike plantegroei teen te werk. 2x2=(4)

- 6.3 Die Tugelarivier is een van die grootste riviere in KwaZulu/Natal en vorm deel van die Tugela-Vaal-wateroordragskema. Verwys na **Figuur 6.3** wat hierdie wateroordragskema toon.
- 6.3.1 In watter oseaan mond die Tugelarivier uit? (1)
- 6.3.2 Die Platorand skei die damme aan die bokant van die damme aan die onderkant daarvan.
- (a) Wat is die platorand? 1x2=(2)
- (b) Bestudeer die diagram. Hoeveel damme vorm deel van die Tugela-Vaal-wateroordragskema? (1)
- 6.3.3 Bespreek die TWEE doelwitte van die Tugela-Vaal-wateroordragskema. 2x2=(4)
- 6.3.4 Tydens konstruksie van die skema is bogrond en saad van die inheemse plantegroei bewaar.
- (a) Wat is inheemse plantegroei? 1x2=(2)
- (b) Verklaar die betekenis van die begrip omgewingsbewaring. 1x2=(2)
- (c) Waarom was dit as noodsaaklik beskou om omgewingsbewaring in hierdie geval toe te pas? 1x2=(2)
- 6.4 Die hoë reënval en vrugbare grond van KwaZulu/Natal het ? sterk aantrekingskrag vir mense gehad. Maar, namate die bevolkingsdigtheid toeneem, neem die letsels op die landskap ook toe.
- 6.4.1 Bespreek hoe die toenemende bevolkingsdigtheid van KwaZulu/Natal die volgende aspekte sal beïnvloed:
- (a) Natuurlike hulpbronne 1x2=(2)  
 (b) Besoedeling 1x2=(2)  
 (c) Voorsiening van dienste 1x2=(2)
- 6.4.2 Die impak van MIV/Vigs is van besondere belang.
- (a) Hoe sal MIV/Vigs die arbeidsmag in KwaZulu/Natal beïnvloed? 2x2=(4)
- (b) Hoe sal hierdie gevolge, op hulle beurt, die ekonomiese van KwaZulu/Natal beïnvloed? 1x2=(2)
- 6.5 KwaZulu/Natal beskik oor ? belangrike nywerheidstreek in die Durban-Pinetown-omgewing.
- 6.5.1 Watter TWEE faktore het nywerhede na dié gebied gelok? (2)
- 6.5.2 Noem TWEE tipes nywerhede wat in die Durban-Pinetown-gebied gevind kan word. (2)  
 [60]

**TOTAAL: 240**

**SENIOR CERTIFICATE  
EXAMINATION  
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**



**OCTOBER / NOVEMBER  
OKTOBER / NOVEMBER**

**2005**

**GEOGRAPHY  
DIAGRAM BOOK  
AARDRYKSKUNDE  
DIAGRAMBOEK**

First Paper : Theory  
*Eerste Vraestel : Teorie*


**SG**

**502-2/X**

**8 pages / bladsye**




FIGURE 1.1




FIGUUR 1.1

FIGURE 1.2A




FIGUUR 1.2A

FIGURE 1.3



- SLEUTEL/KEY
1. PRODUSENT/PRODUCER
  2. PRIMÆRE VERBRUIKER/PRIMARY CONSUMER
  3. SEKONDÆRE VERBRUIKER/SECONDARY CONSUMER
  4. TERSIÆRE VERBRUIKER/TERCIARY CONSUMER
- ENERGIEVLOOI/ENERGY FLOW

FIGURE 1.2B



FIGUUR 1.2B




FIGURE 2.1A





FIGURE 2.1B



FIGUUR 2.1B

FIGURE 2.2A  
 FIGUUR 2.2A




FIGURE 2.2B  
 FIGUUR 2.2B




FIGURE 2.2C  
 FIGUUR 2.2C







FIGURE 2.3




FIGUUR 2.3






FIGUUR 3.4



FIGUUR 3.1



FIGUUR 3.2

DIENSTE AANGEBIED DEUR PINE VILLAGE	DIENSTE AANGEBIED DEUR KINGSTOWN
1. Algemene winkel	1. Administrasie: Streeksdiens-kantoor
2. Kafee	2. Finansieel: Banke
3. Kerk	3. Skole
4. Leerskool	4. Supermarkte en ander winkels
5. Polisiestasie	5. Kerke
6. Gemeenskapscentrum	6. Teater
7. Saterdagmark	7. Kooperaasie
	8. Sakecentrum
	9. Vervoer- en kommunikasiесentrum

FIGURE 3.1




FIGURE 3.4




FIGURE 3.2





FIGURE 3.3

SERVICES OFFERED BY KINGSTOWN	SERVICES OFFERED BY PINE VILLAGE
1. Administration : Regional government centre	1. General store
2. Financial : Banks	2. Cafe
3. Schools	3. Primary school
4. Supermarkets and other stores	4. Police station
5. Churches	5. Community centre
6. Theatre	6. Saturday market place
7. Co-operative	7. Transport and communication centre
8. Business centre	
9. Transport and communication centre	

P.T.O. / b.o

FIGURE 4.1



FIGUUR 4.1






FIGURE 5.1




FIGUUR 5.1

FIGURE 6.1




FIGUUR 6.1





Average daily temperature  
Gemiddelde daaglikse temperatuur

FIGURE 6.2B  
FIGUUR 6.2B



Rainfall  
Reënval

FIGURE 6.3



FIGUUR 6.3